Skriflesing: 1 Samuel 23:1-28
Teks: **1 Samuel 23: 16-19**
Sing-Ps. 18:1,12; Ps. 40:3,4; Ps. 99:2,3,4; Ps. 119:22

Broeder en suster, in 2 Kor. 7:6 maak die Here bekend dat Hy die nederiges troos. Paulus gee 'n beskrywing van sy omstandighede toe hulle in Macedonië gekom het… *ons vlees het geen rus gehad nie, maar ons is op allerhande maniere verdruk; van buite was daar aanvegtinge, van binne verskrikkinge.* Dan stuur die Here vir Titus. Die koms van Titus maak dat Paulus hierdie wonderlike troos en versterking in die Here kon vind. Paulus spel dit uit- *Hy wat die nederige troos, naamlik God, het ons getroos deur die koms van Titus.* Dit sluit aan by wat in 2 Kor. 1 al geskrywe staan- in vers 4 beskrywe Paulus die troos in sy verdrukking, maar dan het hy hierdie belangrike byvoeging- *die Here troos ons in al ons verdrukking sodat ons die wat in allerhande verdrukking is, kan troos deur die vertroosting waarmee ons self deur God getroos word…*

Ons het vanoggend kon lees nie net op watter besondere wyse hierdie troos en versterking vanuit die Nuwe Testament na ons kom nie, maar ook vanuit die Ou Testament staan dit net so duidelik. In wat ons vanoggend gelees het met die verlange ná die Nagmaal van volgende Sondag gryp ons vas aan die Here se troos. Ons sien Jonatan vóór ons, as iemand wat na Dawid gekom het, ongeag watter implikasies dit vir homself kon meebring. Ons tema waarby ek graag dan wil stilstaan **– In nederigheid lê ons troos en versterking al word jy dalk nog meer verneder.** Ons kyk aan die hand van ons gelese gedeelte watter nederigheid daar by Jonatan was. In die tweede plek hierdie nederigheid bepaal die troos wat Jonatan vir Dawid kan gee. In die laaste plek besef ons dat ons troos dien as vertroosting waarmee ons dan self deur God getroos word.

<u>Die nederigheid wat daar by Jonatan was:</u>

Ons moet goed besef wie Jonatan was. Hy is koning Saul se seun. Hy is die kroonprins. Hy kon direk ná sy pa koning word. Hy het soveel gehad wat hy die lewe om homself kon laat draai. Hy sou in baie opsigte vanuit sy pa se standpunt beter gedoen het as hy 'n slag met sy pa sou saamwerk. Sy pa wat deurtrek is van haat en vrees om hierdie Dawid net uit die weg te ruim. In die vorige hoofstukke is dit keer op keer Saul wat eintlik alles sal gee as hy net vir Dawid uit sy pad kan kry. Dit was geen geheim dat hy Dawid sou doodmaak as hy hom net in die hande kon kry. Saul raak so ekstremisties dat die verwagtinge wat die Here aan iemand in sy posisie gestel het glad nie meer tel nie. Veral nadat die vrouens gesing het hoe Saul wel sy duisende sal verslaan maar Dawid sy tienduisende het hy Dawid gewantrou. Hy kon hom nie langer verdra nie. Ten diepste het Saul vir Dawid bang geword. Hy sien Dawid

as ’n bedreiging. Om iemand anders te vrees, jy word so bang vir ’n ander mens, dat al wat jy eintlik dink is hoe ek daardie één haat, hoe ek daardie één net wil doodmaak. Die haat wat Saul aangevuur het, het sy lewe geword.

***

En nou kom ons by hierdie kind van Saul. Weet u, broeder en suster, dit gryp ons aan, hierdie kind is glad nie soos sy pa nie. Ons staan verslae wanneer ons 1 Sam 18 lees. Ons begin die pad te volg in die houding maar eintlik gaan dit oor die verhouding waarin Jonatan hom teenoor Dawid stel. Ja, ’n mens wil eintlik sommer baie vroeg al uitroep dit is meer as wat ’n mens kan begryp. Hierdie kind van Saul, Jonatan is nie net heel anders as sy pa nie, maar in hoe Jonatan anders is as sy pa is dit net die hand van die Here wat oor die lewe van Jonatan dinge laat gebeur wat ons moet aangryp.

***

Ons kan eintlik Jonatan se lewe terugbring met wat ons vanoggend reeds vanuit Paulus kon begin sê. U weet hoe Paulus deur die Heilige Gees ons as kinders van die Here se lewens met drie groot woorde ingekleur het. Geloof, hoop en liefde…. Hierdie drie dinge het Jonatan se hart in alle opsigte geraak. In elke element is daar vernedering ter sprake as dit van jou verwag word. As jy werklik glo, dan kom daar vernedering op jou pad. As jy werklik liefhet dan kom daar vernedering op jou pad. Hoor hoe verneder Saul die arme Jonatan – 1 Sam 20:30- *Toe ontvlam die toorn van Saul teen Jónatan, en hy sê vir hom: Jou ontaarde, wederstrewige seun, weet ek nie dat jy die seun van Isai verkies tot jou skande en tot skande van jou moeder se naaktheid nie?* In die ware hoop is daar vernedering wat jy sal moet kan vat…

Geloof, Jonatan het werklik geglo dat Dawid deur God gesalf is, in alle opsigte het hy geglo dat wat Dawid is en wat Dawid ontvang het en wat Dawid moet word kom van die Here af. Jonatan het geloof in Dawid gehad, omdat Jonatan werklik in die Here geglo het. Wie werklik in die Here glo sal mekaar wil ken en vertrou. Dit wat só belangrik is in verhoudinge soos wat hier tussen Jonatan en Dawid was. As ons sê Jonatan het in Dawid geglo dan is dit nie dat hy Dawid verafgod het nie, maar wanneer ons van hierdie tipe geloof praat dan moet ons ook in mekaar kan glo.

Ons moet werklik mekaar kan vertrou want ons vertroue spruit uit die feit dat ons mekaar ken. Eers wanneer ons bereid is om mekaar goed te leer ken en ons ken mekaar dat ons mekaar ook vertrou dan mag ons mekaar glo. Om geloof in mekaar te hê kan natuurlik net

ontstaan as ons reeds in die Here glo. Ja, wanneer iemand nie in die Here glo nie mag hy/sy beslis nie die vertrouelinge wees waarmee jy jou lewe bind nie. Dit geld in alle opsigte vir jou/my persoonlike verhoudinge waarmee ons elke dag te doen kry.

***

Dit geld soveel te meer vir ons verhouding hier in die kerk, maar ook waar kerke met mekaar die pad moet loop. Dit is so belangrik dat daar werklik gewerk word met dieselfde beginsels wat ons hier tussen Jonatan en Dawid aan die werk sien. Vanuit die huis na alle kringe en verbande van die lewe… Kerke moet in mekaar wil en kan glo. Die een gemeente moet wil glo die ander gemeente kan ek vertrou. Ons vertrou mekaar want ons ken mekaar. Wanneer ons die spanninge en strategieë waarmee verhoudinge in ons kerkverband herstel moet word kan terugbring van ons ken mekaar, ons vertrou mekaar, ons glo in mekaar se kerk-wees dan is die pad wat ons vorentoe bring reeds gebonde aan die verbond wat die Here met elke gemeente van Hom gesluit het.

***

Ja, Jonatan kon in Dawid glo, maar wat ons nog moet sien is die liefde wat daar by Jonatan vir Dawid was. Ons kan duidelik raaksien hoe die Heilige Gees in Jonatan se hart gewerk het dat hy werklik vir Dawid omgegee het. Dan nie die liefde wat mense met verkeerde bedoelinge in hulle harte Jonatan se liefde vir Dawid as ’n tipe “gay-liefde” wil interpreteer nie. Daar is geen bewyse en aanduiding hiervan nie, maar as ons 1 Sam 18:3 lees dat Jonatan het Dawid liefgehad *soos sy eie siel* en ook hoe die siel van Jonatan *verkleef geraak het aan die siel van Dawid* dan kry ons niks anders nie as die liefde wat Jonatan maar net ’n skaduwee was van die volmaakte liefde waarmee Christus ons liefhet.

In ons teksverse vanoggend is dit duidelik die geval hoe Jonatan nie maar net een was wat sy werklike omgee-liefde teenoor Dawid met die mond duidelik gemaak het nie, maar Jonatan het met sy lewe gewys hy sal die dood ingaan as dit om die lewe van Dawid gaan. Ja, hoofstuk ná hoofstuk dan is Jonatan bereid om sy vriendskap met Dawid te heilig. Hy sien sy verbintenis met Dawid as van die Here. Elke keer sien Jonatan die krag van die Here se verbond aan die werk wanneer vriende mekaar werklik in die Here moet vashou. Hfst 18 praat van verbondsliefde tussen Jonatan en Dawid, hfst. 20 lees ons weer- vers 16-17: *So het Jónatan dan ‘n verbond gesluit met die huis van Dawid. En die HERE het dit geëis van die hand van Dawid se vyande.* ***17*** *En Jónatan het Dawid weer laat sweer by sy liefde vir hom; want hy het hom liefgehad met die liefde van sy siel.* En weer het ons vanoggend gelees dat

die liefde waarmee Jonatan hom aan Dawid bind is verbondsliefde. 1 Sam 23:18- ***18*** *Toe sluit hulle twee 'n verbond voor die aangesig van die HERE…*

Die liefde wat in die verbond gesluit word staan vir Paulus as die grootste geskenk wat mens kan ontvang. Die bekende 1 Kor. 13 noem liefde as die kern, as dit wat vir ons die grootste moet wees- Die Here sê- *nou bly geloof, hoop, liefde—hierdie drie; maar die grootste hiervan is die liefde.*

Oor die liefde wat Jonatan na Dawid dryf sou ons nog baie meer kon sê, maar ons besef daaroor sal mens nooit uitgepraat kan raak. Wat liefde werklik is, hoe groot dit is, hoe moeilik dit is om dit werklik na wat ons kan verstaan duidelik te maak. Die grootste is die liefde, ja wanneer Jonatan en Dawid se liefde vir mekaar moet beskryf word dan is dit reeds deel van wat Paulus in 1 Kor. 12:31 sê- *en ek wys julle 'n nog uitnemender weg…* Jonatan het die nog uitnemender weg gekies. Omdat hy God liefhet het hy waarlik God se gesalfde, vir Dawid kon liefhê, al het dit hom so baie gekos, al het hy homself moes verneder.

Dit bring ons by wat ons in die tweede plek ook vanoggend wil raaksien, nie net hoe Jonatan homself verneder het nie-

<u>Hierdie nederigheid is die troos wat Jonatan vir Dawid kan gee:</u>

Oor geloof en liefde het ons reeds kon wys watter besondere geloof, watter waardevolle liefde daar tussen Jonatan en Dawid was. Ons teksverse is aansluitend by geloof en liefde in besonder met hoop gevul- *En hy* (Jonatan) *het hom* (Dawid) *bemoedig in God* ***17*** *en vir hom gesê: Vrees nie, want die hand van Saul, my vader, sal jou nie vind nie, maar jy sal koning word oor Israel, en ek sal die tweede onder jou wees; en my vader Saul weet dit ook goed.*

Alles wat Jonatan hier vir Dawid sê is gevul met hoop. Ek kan nie iemand bemoedig as ek nie self hoopvol is nie. Jonatan is gevul met hoop, in die mate dat hy verseker kan wees. Hoop gee sekerheid. Hy kan vir Dawid sê – VREES NIE… en dan is die lewende hoop waarmee Jonatan met Dawid praat nog lank nie uitgepraat nie- In sy hoop kan Jonatan vir Dawid verseker van die presiese stand van sake- DIE HAND VAN MY PA SAL JOU NIE VIND NIE… dit words 'n al hoe sterker hoop, want kan Jonatan ook vir Dawid sê – JY SAL KONING WORD OOR ISRAEL…

Daar sit byna iets van ’n hartseer einde in Jonatan se hoop- die hoop beskaam nie, maar nou weet ons hoe kan dit ons wel hartseer maak. As Jonatan sê- my pa weet eintlik ook al hierdie dinge wat ek nou vir jou sê – dan glo ek ons mag aflei dat Jonatan praat uit sy hart uit. Dit is vir Jonatan iets van so ’n hartseer ironie- *my vader Saul weet dit ook goed…*

Ons het reeds gesê- in die ware hoop is daar dan ook maar die vernedering wat jy sal moet kan vat. Dit is beslis nie vir Jonatan iets lekker, iets om op trots te wees, as hy sy so na sy pa verwys nie. Jonatan wat só sy hoop in Dawid stel, jy sal nie hoef te vrees nie, my pa sal jou nie kry nie, jy sal koning word, as hy byvoeg, my pa weet al hierdie dinge baie goed, dan is dit ’n kind wat beslis met ’n seer hart na sy pa verwys. As dinge in ’n mens se huisgesin nie reg is nie, dan is dit die dinge wat die ware gelowige op die einde die seerste maak, dit raak jou die ergste as jy dan daaroor moet begin praat.

***

Dit alles het Jonatan vir Dawid kon sê, Dawid wat in die woorde van Paulus werklik homself kon voeg. Paulus sê in 2 Kor. 7 hoe daar van buite aanvegtinge was, hoe daar binne hom verskrikkinge was- sy vlees het geen rus gehad nie- dit alles is Dawid se deel. Ja, Dawid het in hierdie omstandighede iets besonders gedoen- hy was die man van baie van die Psalms- en juis in die konteks van 1 Sam 23 het hy Psalm 54 geskrywe- Elke reël in hierdie Psalm hou aan dieselfde God vas as wat Jonatan hier aan Dawid wil betuig. Dawid roep dit in Ps.54:4 uit- *Kyk, God is my helper. Dit is die Here wat my siel ondersteun.*

Ja, geliefdes ons besef Dawid het baie moes worstel. God het hom reeds die koningskap beloof, ja dit gaan nog ’n stap verder, hy was alreeds tot koning gesalf, dit was nie maar net ’n belofte nie, daar was reeds ’n handoplegging. Nou is hy die beloofde koning, die gesalfde koning, iemand wat soos ’n haas voor ’n hond moet bly hardloop. Dit moes vir hom baie vernederend gewees het.

Maar dan kom Jonatan uit wat vir Dawid reeds vernedering sou wees en Jonatan kan Dawid troos. Hy kan Dawid van God se almag verseker- die hand van Saul, my pa sal jou nie vind nie. God se almag staan nie los van God se raadsbesluite nie. Jonatan kan Dawid van hierdie besluit van God verwittig- Jy sal koning word oor Israel… Dit staan alles in verband met wat ons vanoggend mee begin het, dit waarmee ons volgende Sondag Nagmaal wil vier- DIE HERE SAL DIE NEDERIGES TROOS (2 Kor. 7:6).

Jonatan troos Dawid, dit kan ons duidelik hoor, maar ons laaste gedagte staan nie verniet ook hierby geskrywe nie-

Ons troos dien as vertroosting waarmee ons dan self deur God getroos word:

Jonatan staan nie los van wat ons in 2 Kor. 1:4 lees nie- by die Nagmaal moet ons daaraan vasgryp- *die Here troos ons in al ons verdrukking sodat ons die wat in allerhande verdrukking is, kan troos deur die vertroosting waarmee ons self deur God getroos word…* In die lewe van Jonatan is dit bevestig. Jonatan kry oor sy eie lewe troos. Hy troos en versterk Dawid, maar dan sê hy van homself - *ek sal die tweede onder jou wees…*

Een kant is dit geweldig vernederend dit wat Jonatan hier openbaar. Hy wat na mense se menings en aansprake koning sou kon word, hy wat eintlik die eerste aanspraakmaker op die troon sou kon wees, stel hom onder sy eie woorde. Ek sal die tweede wees, m.a.w. ek sal jou mindere wees… ek sal jou nie wil regeer nie, jy sal my moet regeer. Watter aangrypende belydenis dat ek stel my onder jou, want jy is deur God aangestel.

***

Broeder en suster, die troos wat Jonatan uitdeel word ten volle opgeneem dat sy troos die troos word waarmee hyself getroos kan word. Weet u na Jonatan se gesprek hierdie dag het hy en Dawid sovêr ons kan aflei mekaar nooit weer in hulle lewe gesien nie. Op aarde was dit ’n skeiding vir altyd. Steeds is Jonatan getroos daar by Dawid weg, só seker soos die troos en versterking waarmee hy Dawid wou troos. En hiermee sluit ons by hierdie voorbereiding af. As u werklik in die Here geborge is, soos wat ons duidelik Jonatan in sy geborgenheid in God leer ken dan sal u één wees wat werklik omgee. Jonatan het sy geborgenheid, sy troos nie op die verkeerde maniere gesoek nie, soos om te dink ek gaan darem nog eendag koning word, daarin is ek geborge. Née, Jonatan was by die Here, in die Here geborge en dit het by hom die groot verskil gemaak. Dit maak die verskil in die ondersteuning wat hy vir Dawid kon gee.

Daarom het Jonatan Dawid se nood kon raaksien, Jonatan is gedryf om by Dawid uit te kom. Sy pa soek hom eintlik moeg na Dawid, Jonatan wil dit lyk het op Dawid afgestap. Geen gesoekery van sy kant nie. God het in Jonatan geplant iets van die koördinate waar Dawid hom bevind, ’n heilige voorsienigheid is by Jonatan aan die werk. Jonatan besef nie net sy roeping om te ondersteun nie, maar hy is bereid om dit ten alle koste uit te voer. Daarin word hyself vertroos en versterk. Hy het vroeër al Dawid kon help, ja om te kon ontsnap, maar nou raak Jonatan se ondersteuning net nog meer gerig. Hy gee aan Dawid wat ons by hierdie

voorbereiding en Nagmaal ook vir mekaar in Christus deur sy Heilige Gees moet beteken. Ondersteuning in die Here wat gebaseer is op vertroue in die Here. Dit alles omdat hyself op die Here vertrou, Hy is in die Here geborge en dit maak hierdie deel van sy lewe so besonders. Hy wat homself verneder, maar in sy vernedering kom eintlik die werklike verhoging. Klink dit bekend. Dit is in Christus goed bekend. Mag u in Christus wat al hierdie dinge wat ons van Jonatan hoor vervolmaak het, mag u in Christus volgende Sondag by die tafel kom aansit, met die besondere wete dat God troos die nederiges, ja al mag u voel daar gebeur dinge in my lewe wat vir my vernederend is, mag dit u aanspoor om te besef, dit is juis my troos en versterking want geloof, hoop en liefde word hierdeur gedien. Hierdie drie wat by die Nagmaal ook gedien wil wees.

AMEN